

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Diens: 9:00 en 18:00

Engelse Diens: 11:00

Sothodiens: 12:30



### KOLLEKTES

Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sotho-bediening

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge:

Alethea : Cassie vd Walt

Diaken: Jannie Klopper

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Albie Venter [albieventer@absamail.co.za](mailto:albieventer@absamail.co.za) 083 631 6638

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** **kerkdienstgemist** se web-blad het nou 'n Toepassing (App)

vir Slimfone. U kan nou inluister sonder 'n rekenaar - sommer met u slimfoon of tablet

**FACEBOOK:** Gereformeerde Kerk Centurion (gaan 'like' ons)

**RATELGROEP:** Vir pa-ma-en-baba: Besoek gerus die 'Ratelgroep' op facebook

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Kontak Marlou [0824124313/fillistyn2@gmail.com](mailto:0824124313/fillistyn2@gmail.com) of

Esmé [0833816428/esmel.prins@gmail.com](mailto:0833816428/esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

<b>Kerk se bankbesonderhede:</b>	<b>Inbetalings vir die Diakonie:</b>	<b>Inbetalings vir die Susters:</b>
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion	Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion	Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton	Bank: ABSA Lyttelton	Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409	Rek no: 600 280 589	Rek no: 600 340 417

## KONTAKBESONDERHEDE

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Epos: [kerkkantoor@gkcenturion.co.za](mailto:kerkkantoor@gkcenturion.co.za)

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

**Lidmate se kontakbesonderhede:** Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: [gereformeerdekerkcenturion@gmail.com](mailto:gereformeerdekerkcenturion@gmail.com)

# KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 42 Nr 42 12 November 2017

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

### Die Here is ons fokus in die verlede, hede en toekoms

**Skriflesing:** Jesaja 51

**Teksvers:** Jesaja 51: 2,3

**Sing:**

Sb 1-2:1,2,3

Ps 68:9

Sb 5-4:1,2

Ps 138:1,4

Sb 14-1: 1,2

Sb 18-6:1,2,3,4,5

Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Jaco Wattel

**Klank:** Hein Kaiser

**Prediker:** Ds Paul vd Berg

Die Here praat in hierdie gedeelte in besonder met die Israeliete wat "na die wil van die Here vra". Om hoop en vrede in die hede en die toekoms te kan verwag, roep die Here die gelowige Israeliete om terug te dink aan die handeling van die Here in die verlede. So word hulle aandag eerstens op Abraham gevestig. Dan roep Hy hulle op om aan die Here te dink wat die skepping daar gestel het. Dan word hulle aandag weer op die Here gevestig tydens die uittoeg uit Egipte.

Die wat op die Here gefokus is, kan die vrees en bewing vir die vyand teëstaan deur die werk van die Heilige Gees. Redding gee die Here alleen vir die wat op Hom fokus.

Mag jy in die veranderende wêreld weet dat die Here ons God is. Hy sal ons in die skadu van sy Hand beskerm.

### SONDAGAAND 18:00

## Maatstawwe vir mense wat naby God wil leef

**Skriflesing:** Ps15; Ps 24;  
Joh 14:6,7

**Teksvers:** Ps 24:3,4a;  
Joh 14:6,7

**Sing:**

Ps 84-1:1,2

Ps 84-2:4

Ps 48-1:1,4,5

Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt

**Projektor:** Nicolene Wattel

**Klank:** Thinus Smuts

**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Hierdie Psalm gee onderrig oor die gesindheid waarmee 'n mens die tempel/kerk moet besoek.

Daarom moet ons onself afvra:

- Met watter gesindheid gaan ek kerk toe?
- Kom ek skoongewas in die bloed van Christus kerk toe?

Maatstawwe om God te dien...

- 'n Suiwer hart Spr 4:23; Luk 6:45.
- Rein hande – Ps 24:4; Luk 6:44.
- Opregte hart.

Wie het die reg om God te dien?

- Almal wat Jesus Christus omhels.
- Almal wat deur die Heilige Gees lewe.
- Almal wat in 'n ware geloof voor God buig.

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Geluk aan ds Maarten en Phia wat vanoggend hul 11de kleinkind doop te GK Vanderbijlpark Trinitas.
- Alida de Bruin het 'n klein hand prosedure ondergaan (A12—082 787 9623).
- Nannie du Plessis sterk tuis aan na haar rugoperasie (B11—653-1578).
- Meelewing word betuig met:
  - ◆ Fanie, Petro Krynaau sowel as Marthinus, Sylvia Krynaau en gesin na die afsterwe van Petro se vader gedurende die week.
  - ◆ Marie Jordaan en familie na die afsterwe van haar eggenoot Johan, Woensdag. Troosdiens geskied om 11:00, Woensdag, 15 Nov 2017 vanuit ons gemeente.  
**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**



## Hospitaalbesoeke

Lidmate word versoek om asb u ouderling, ds, of die kantoor in kennis te stel wanneer u opgeneem gaan word in die hospitaal. Die hospitaallyste dui nie meer die kerkverband of gemeente aan nie. Ons weet dus nie of u in die hospitaal is, as u ons nie laat weet nie.

## Vergaderings

13 Nov — Bedieningskommissie 19:00

## Beroepe ontvang

Ds CJ Nagel (jr) (Innes) van Louis Trichardt na Pretoria-Magalieskruin.

Ons 10<sup>de</sup>

## Boskop-Tienerkamp

30 November—3 Desember 2017



**Alle tieners** (ook hierdie jaar se Gr. 6e) en hul **ouers** en enige ander belangstellendes word uitgenooi om saam te gaan kamp by Boskopdam Seiljagklub (12 km buitekant Potchefstroom). Jy kan met of sonder jou ouers kom. Ons gaan vir 4 dae seil, roei, swem, speletjies speel, lekker eet en om die kampvuur kuier en lekker sing en somer baie vriende maak.

**Koste:** R500 per persoon. Voorskoolse kinders (vergesel van hul ouers): gratis.

### Hierdie prys sluit alles in nl:

Kampering (jy bring net jou eie tent) 10 etes (Jy bring net jou eie eetgerei)  
Koeldrank, tee/koffie, roomys Lekkernye tussenin  
Alle aktiwiteite

**Die kampterrein is pragtig met groen gras en baie bome. Die dam se water is skoon en helder. Hierdie is 'n kamp van pure lekkerkry!... jy sal nie kan wag tot volgende jaar se kamp nie!**

**Hou nou al die datum oop!!**

**Al noem ons dit 'n tienerkamp is dit eintlik 'n familiekamp vir tieners.**

**Kontak:** Heidi van der Walt: Tel. 082 902 8032 of heidi@ressco.co.za vir elektroniese inligtingsvorm en in-skrifwingsvorm. Gaan google ons gerus by [boskopyachtclub.co.za/about-our-club](http://boskopyachtclub.co.za/about-our-club)



## VERJAARSDAE

### BELYDENDE LIDMATE

12-Nov	Selenta	Hamman	C02	664-3322
	Emmie	Havenga	B14	660-2349
	Huibie	Stavast	C09	665 1111
	Bettie	Venter	A15	076 703 3259
13-Nov	Amanda	Brink	A09	651 4004
	Heila	van Wyk	C02	072 225 3843
14-Nov	Juanita	Benade	E01	664 3131
	Quinten	Bye	C05	079 886 3325
	David	Faber	C07	663 4004
16-Nov	Rita	Smaal	A04	083 259 0081
	Danie	vd Heever	B14	083 447 8068
	Nico	vd Westhuizen	C11	076 780 5711
17-Nov	Louis	Bloemhof	B02	082 823 3612
	Rudy	Kruger	B04	082 468 6035
	Laurette	Snyman	A04	347 0401
18-Nov	Faan	de Klerk	B11	653 4336
	Michelle	vd Berg	A11	083 376 1506



### DOOPLIDMATE

12-Nov	Shanike	Bessinger	B09	082 771 8119
13-Nov	Minette	Yaffe	C09	072 158 4590
14-Nov	Lilia	de Klerk	B11	653 4336
18-Nov	Phillip	Benade	E01	664 3131
	Mihané	Tredoux	B15	083 630 0944

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en oprui na die erediens is in die kombuis opgeplak.

### 12 November

B11 Karin Verrynne  
C03 Elmarie van der Walt  
C06 Doret Pretorius



### Droëvrugte

Heerlike vars nuwe voorraad...  
By die kombuis se agterluik

*"My seun, behou die takt en oorleg; moet dit nie uit die oog verloor nie, dit sal vir jou 'n mooi lewe verseker en soos 'n pragtige halssnoer vir jou wees; jy sal jou pad veilig loop en jou voet nie stamp nie; jy sal nie bang hoef te wees as jy gaan slaap nie; as jy gaan lê sal jy rustig slaap."*

Spr 3:21-24

Baie dankie,

*Hiermee wil ons elkeen bedank wat voor, tydens en na, Annette se operasie vir ons ondersteun, belanggestel en gebid het.*

*Ds Paul en Annette*

### Eerstejaarskampe

Besonderhede van eerstejaarskampe van Pretoria, Potchefstroom, Stellenbosch is op die kenningsgewingbord.

**Kombuise- en Gasinstallasies-** Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installateurs; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 0844445443; meryke@mery-d.co.za

**Professionele Tikwerk,** transkripsies, verhoor, regsdokumente ens. Tillie 082753 0525.

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorses. (0126635955) [centurionflorist@discovery-mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery-mail.co.za). Susters kan hul bydraes vir die doel voor in die Susterskas by die hoofingang plaas.

**Hoop & Help Life Coaching en Pastoriale Berading,** gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besigheid, studente en leerlinge almal welkom.

**Matriek vakansie-verblyf** beskikbaar tot 10 Des. Diaz Strand (Mosselbaai). Slaapplek vir 4 @ R200pppn. Vervoer kan gereël word van/na George lughawe. Ilze Viljoen 082575 5962

**Vakansiewerk gesoek** vir die Desember/Januarie vakansie. Wil graag huise oppas en is bereid om in te bly, plante water te gee, diere kos en aandag te gee. Kontak my asseblief by Morkel Johl 081 039 4558

Alle **oud-lidmate van die GK Totiusdal** word hartlik uitgenooi na ons 60-Jarige Feesgeleentheid

- Luisterryke Musiekaand 24 November:
- Nagmaal 26 November:

Indien u die geleentheid wil bywoon skakel:

ds. Henk Stavast (082 304 4667) of

Saskia Meijer (082 491 4965)

## Eljada Huis

Eljada het dringend kosvoorraad nodig. Behalwe vir die tekorte op die huidige stadium moet hulle voorraad opbou om die lang Desember-vakansie aan almal se behoeftes te te voorsien. Die drom sal tot en met einde Desember elke Sondag op die grasperk uitgesit word. Hou die nuusbrief dop vir benodighede. Elke blikkie help

Ons benodig:

Koffie, gewone tee, rooibostee, suiker, ontbyt-pap, blikkies vleis, blikkies groente, rys, macaroni, spaghetti, soja, soppoeier, kartonmelk, grondboontjebotter, konfynt, bovil.

Petra 082 9277324 /Pierre 082 688 7496/

Eljada Huis 072 855 8289

## Reformasietoer!

Ek dank die Here vir 'n verrykende week in Duitsland. Nou oorweeg ek 'n Reformasietoer in 2018/19. Indien iemand belangstel om so 'n toer mee te maak moet jy my laat weet, dan plaas ek jou op 'n spesiale whatsapp-groepie en pla ons nie die ander nie

Aangesien volgende jaar die herdenking van die Sinode van Dordrecht (400 jr gelede) gevier word sal ons die toer ongeweer soos volg aanpak:

- ◆ In somer van Europa wanneer dae langer is om meer te sien maw Jun-Jul.
- ◆ Rome 3 dae;
- ◆ Duitsland (Luther);
- ◆ Genève;
- ◆ Frankryk (Calvyn);
- ◆ Nederland en Dordrecht;
- ◆ Skotland ( John Knox).
- ◆ Ongeveer 15 dae.

Ek het reeds vier mense van NZ wat by ons gaan aansluit. Ek kan net met my toeroperateurs begin praat as daar genoeg ware belangstelling is en dan 'n prys bepaal. Dink aan so 40k.

Groete

Ds Maarten



# JOHN KNOX

John Knox is gebore in 1513 en oorlede in 1572. Hy was 'n Skotse predikant in Edinburg en word beskou as die stigter van die Presbiteriaanse Kerk in Skotland. Hy het opleiding aan die Universiteit van St. Andrews ontvang en as notaris-priester gewerk.

Hier raak hy vasgevang in die kerklike en politieke gebeure en is deur Franse magte gevange geneem waar hy vir 19 maande lank 'n galeislaaf was. Dit was 'n vreeslike marteling. Na sy vrylating in 1549 word hy na Engeland toe verban.

Terwyl hy in ballingskap was, was Knox gelisensieerd om in die Kerk van Engeland te werk. Hier het hy in die range gestyg tot koninklike kapelaan vir Koning Eduard VI van Engeland. In Engeland het hy sy eerste vrou, Margery Bowes ontmoet. Toe "Bloedige Maria" Tudor die troon bestyg het en die Rooms-Katolieke Kerk heringestel het, is Knox gedwing om uit sy posisie te bedank en die land te verlaat. Knox het na Genève en daarna na Frankfurt gegaan.

In Genève het hy Johannes Calvyn ontmoet van wie hy ervaring en kennis in hervormingsteologie en Presbiteriale kerkreg ontvang het.

Met sy terugkeer na Skotland het hy die Protestantse Reformasie in Skotland geleidelig tesame met die Skotse Protestantse adellike. Knox het help skryf aan die belydenis van geloof en die kerklike orde vir die nuutgestigte kerk, bekend as die Kirk.

In verskeie onderhoude met die koningin het Knox haar gewaarsku oor haar ondersteuning van die Katolieke gebruike. Toe sy gevange geneem is vir haar beweerde betrokkenheid in die moord van haar man, Lord Darnley, het Knox openlik vir haar teregstelling gepleit. Knox het sy laaste lewensjaar in St. Andrews deurgebring.

Ds Maarten

**Alethea Ministry 11:00** (Worship Service and Sunday School)

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

**Everybody welcome!**